**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Aansoek Nr. : 1251/2006

In die aansoek van:

**INTERCOMP 24 (EDMS) BEPERK** Applikant

en

**HENQUE 2544 BK h/a KESTELL VERVOER** Respondent

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE, R

---

**AANGEHOOR OP:** 4 MEI 2006

---

**GELEWER OP:** 11 MEI 2006

---

[1] Hierdie is 'n aansoek vir die voorlopige likwidasie van die respondent beslote korporasie gegrond daarop dat die respondent nie in staat is om sy skulde te betaal nie.

[2] Die applikant is 'n verskaffer van brandstof, besonderlik diesel. Die respondent bedryf padvervoer by wyse van vragmotors. Dit is gemeensaak tussen die partye dat die

applikant gedurende die eerste helfte van 2005 aan die respondent diesel verkoop het en dit gelewer het deur dit vanuit 'n vragmotor van die applikant uit te tap in 'n opgaartenk op die perseel van die respondent. Die applikant voer aan dat die respondent gevolglik aan hom die bedrag R275 413,33 sowel as rente daarop verskuldig is. Dit is gemeensaak dat 'n aanmaning soos bedoel in artikel 69(1)(a) van die Wet op Beslote Korporasies, nr. 69 van 1984, waarin betaling van gemelde bedrag gevorder word, op 1 November 2005 aan die respondent beteken is. Hierop is gereageer eers op 25 November 2005 toe die respondent se prokureur 'n gesprek met die applikant se prokureur gevoer het, opgevolg deur 'n skrywe gedateer 1 Desember 2005 deur die respondent se prokureur aan die applikant se prokureur waarin te kenne gegee is dat die respondent die applikant se aansoek om likwidasie sal teenstaan.

[3] Die respondent betwis nie dat die uitstaande bedrag ten opsigte van diesel deur die applikant aan die respondent gelewer die voormelde bedrag beloop nie, maar voer aan

dat die respondent nie aanspreeklik is om die bedrag te betaal nie aangesien die applikant kontrakbreuk gepleeg het deur diesel wat met paraffien gekontamineer is, te lewer. Die respondent voer dus aan dat aangesien die gelewerde diesel gebrekkig was of nie die ooreengekome produk was nie, die gevorderde bedrag nie betaal hoef te word nie. Die respondent voer verder aan dat dit boonop 'n teeneis teen die applikant het vir 'n bedrag van minstens R428 837,87 ten opsigte van herstelkoste van enjins van vragmotors wat beskadig is as gevolg van die gebrekkige diesel sowel as verlies aan wins as gevolg van staantyd van vragmotors. Die respondent sê dat dit wel in staat is om sy skulde te betaal.

[4] Soos blyk uit die voormelde, is die vordering waarop die applikant steun en derhalwe die applikant se *locus standi*, in geskil. Ten einde te kan slaag, moet die applikant gevolglik die bestaan van die verskuldigheid op 'n oorwig van waarskynlikhede op die stukke aantoon. Alhoewel die presiese grondslag daarvan nog nie finaal beslis is nie, is

daar ook 'n verdere reël van ons reg ter sprake, naamlik dat waar van likwidasie prosedure gebruik gemaak word ten opsigte van of ter afdwinging van 'n vordering wat te goeder trou en op redelike gronde deur die respondent betwis word, die aansoek om daardie rede alleen afgewys kan word. Die bewyslas rus op die respondent om aldus aan te toon en hy kan hom van daardie bewyslas kwyt selfs al sou die waarskynlikhede die applikant begunstig. Sien **KALIL v DECOTEX (PTY) LTD AND ANOTHER** 1988 (1) SA 943 (AD) op 980 B – H; **INVESTEC BANK LTD v LEWIS** 2002 (2) SA 111 (K) op 116 en **MESKIN, HENOCHBERG ON THE COMPANIES ACT,** Vol 1, p. 694(1). Dit moet gevolglik eerstens op grond van die onderstaande oorweeg word of die afwysing van die applikant se aansoek geregverdig word deur die *bona fide* betwisting op redelike gronde van die eis waarop die applikant steun.

[5] Die respondent voer aan dat kort nadat die applikant gedurende die begin van 2005 begin het om diesel aan die

respondent te verskaf, die respondent ernstige enjinprobleme ten opsigte van die respondent se vragmotors begin ondervind het, hoofsaaklik as gevolg van dieselfilters wat geblokkeer het. Die respondent se getuienis is tot die effek dat daarna die respondent by verskeie geleenthede hieromtrent by die applikant gekla het. Aanvanklik het die applikant se verteenwoordiger aangedui dat daar moontlik water in die respondent se opgaartenk was en is reëlings getref wat daartoe gelei het dat water inderdaad uit die opgaartenk verwyder is. Nogtans, volgens die respondent, het dieselfde probleme aanhoudend voorgekom. Hierdie probleme is aan die applikant gerapporteer dog sonder sukses. Die applikant het ontken dat sy diesel verantwoordelik is vir die probleme. Hierdie getuienis word nie deur die applikant ontken nie. Uiteindelik is dieselaankope vanaf die applikant deur die respondent, gestaak teen 1 Junie 2005. Oor die staking van verskaffing stem die partye saam maar nie oor die rede daarvoor nie. Die respondent het egter voortgegaan om na 1 Junie 2005 afbetalings in die bedrag van R10 000,00 per maand te

maak op die respondent se rekening by die applikant.

[6] Volgens die respondent se deponent het hy op 22 September 2005 ’n besoek ontvang van ’n Mnr. Maketa Simon Titebe. Mnr. Titebe was op daardie datum in diens van die applikant as vragmotorbestuurder. Mnr. Titebe het meegedeel dat hy opgelei was by die applikant in en by die applikant deelgeneem het aan ’n praktyk waartydens paraffien by diesel gevoeg is. Volgens die mededeling van Mnr. Titebe het die applikant sy vragmotors met diesel gevul by die Total depot in Bethlehem. Volgens die gemelde praktyk is dan terug by die applikant se perseel van hierdie diesel afgetap en aangevul met paraffien waarna dit by klante afgelewer is. Hy het bevestig dat aldus diesel wat met paraffien besoedel was, by die respondent afgelewer is. Hierdie bewerings word in hierdie verrigtinge bevestig deur ’n volledige beëdigde verklaring van Mnr. Titebe. Die getuienis van die respondent dat die tipe enjinprobleme wat by die respondent voorgekom het, veroorsaak sou word deur diesel wat gekontamineer is met paraffien, is onbetwis. Dit

is ook gemeensaak dat die respondent op 22 September 2005 gestaak het om verdere afbetaling op die rekening te doen.

[7] Die applikant het veral op grond van twee aspekte aangevoer dat die respondent se *bona fides* betwyfel moet word. Eerstens is in hierdie verband daarop gesteun dat die verweer van die respondent soos vervat in die antwoordende beëdigde verklarings nie voorheen geopper is nie en besonderlik nie in die prokureursbrief van 1 Desember 2005 geopper is nie. Tweedens is gesteun op die feit dat die respondent na 1 Junie 2005 steeds maandelikse afbetalings op die rekening gedoen het. Die eerste aspek is myns insiens ewe seer toeskryfbaar aan die styl van ’n prokureur en die tweede gemelde aspek is goed verstaanbaar indien aanvaar word dat volgens die respondent eers op 22 September 2005 vasgestel is dat die diesel inderdaad die probleem was. Gevolglik meen ek nie dat die respondent se *bona fides,* soos blyk uit die voormelde uiteensetting, onder verdenking is nie.

[8] Die getuienis deur Mnr. Titebe gelewer bied klaarblyklik objektief gesproke redelik gronde vir betwisting van die eis op grond van kontrakbreuk. Die submissie van die applikant dat Mnr. Titebe opsetlik valse bewerings teen die applikant die wêreld ingestuur het in weerwraak aangesien hy afgedank is weens diefstal van diesel by die applikant, kom onwaarskynlik voor, ook in lig van Mnr. Titebe se selfinkriminering, en verloor heelwat oortuigingskrag in lig van die onbetwiste getuienis dat Mnr. Titebe die diens van die applikant eers in Oktober 2005 verlaat het.

[9] Gevolglik het die respondent my op 'n oorwig van waarskynlikhede oortuig dat die applikant se vordering *bona fide* en op redelike gronde betwis word en dat die aansoek gevolglik afgewys moet word. Hierdie gevolgtrekking is bereik sonder inagneming van die beweerde toetsresultate waarop die respondent steun óf die beweerde teeneis.

[10] Namens die applikant is versoek dat ingeval hierdie

gevolgtrekking bereik word, 'n kostebevel verleen word soos in **INVESTEC BANK LTD v LEWIS**, *supra*. Ek is nie geneë om so doen nie. Die faktore wat Griesel R in gemelde saak beweeg het om 'n uitsonderlike kostebevel te maak, is hier grootliks afwesig. Na my oordeel moet koste die resultaat volg.

[11] Gevolglik word die aansoek van die hand gewys met koste.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Namens applikant: Adv. A.J.R. van Rhyn SC
In opdrag van:
Van Rensburgs
BLOEMFONTEIN

Names respondent: Adv. P.J.T. de Wet
In opdrag van:
Symington & De Kok
BLOEMFONTEIN

/em